SAP 148 (F)

SUID-AFRIKAANSE POLISIE — SOUTH AFRICAN POLICE

P/sak - P/Bag 302 Tel. adr. "KOMPOL"

Verw./Ref. S.13/192

Navrae/Enq.

Tel. 29281 - 311

GEHEIM

VEILIGHEIDSTAK,
SECURITY BRANCH,

HOOFKANTOOR,
HEAD OFFICE,

PRETORIA.

16 -7- 1971

Die Sekretaris van Justisie,
**P R E T O R I A.**

DIE UNIVERSITY CHRISTIAN MOVEMENT (U.C.M.).
U 2/2/60(V.B.) VAN 28 MEI 1969 VERWYS.

1. Sedert sy stigting in 1967 het bogenoemde organisasie al hoe meer van sy beginsels as n veelrassige interkerklike studente christelike beweging afgewyk, en ontaard in n radikale, linkse organisasie wat die omverwerping van die huidige Regering en die bestaande sosiale orde ten doel het, hetsy op vreedsame of gewelddadige wyse, en die daarstelling in plek daarvan van n veelrassige gemeenskap onder n swart meerderheidsbewind wat gebaseer is op n sosialistiese grondslag.

2. Onder aanvoering van sy leiers en met samewerking van sowel binnelandse as buitelandse bondgenote het U.C.M. die stryd teen die Regering aangeknoop om sy doelstellings te verwesenlik.

3. Binnelandse bondgenote sluit in die Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente (N.U.S.A.S.), die South African Students Organisation (S.A.S.O.) en die verskillende kerke en kerklike organisasies wat dieselfde doel nastreef.

4. In die buiteland het verskeie anti-Suid-Afrikaanse organisasies en elemente hul steun, moreel en fisies, aan U.C.M. toegesê in die nastreef van sy doelstellings om sosiale verandering in Suid-Afrika teweeg te bring.

Die volgende kan genoem word: Die New Left bewegings, Students for a Democratic Society (S.D.S.) en Students Non-Violent Co-ordinating Committee (S.N.C.C.); die U.C.M.-U.S.A. Committee (wat die uiters giftige tydskrif Southern Africa publiseer); kerklike en studente organisasies oor die hele Europa, Brittanje, die V.S.A., Australië, die Ooste en Swart Afrika State. Daar is indirekte skakeling met die A.A.M. en ander vyandiggesinde organisasies.

Die S.D.S. en S.N.C.C. is kommunistiese front organisasies wat in werklikheid U.C.M.-U.S.A. oorgeneem het.

/2.......

GEHEIM



5. Vir die grootste gedeelte van sy inkomste maak U.C.M. op vyandiggesinde buitelandse organisasies staat.

6. Sedert sy totstandkoming het U.C.M. inderdaad reeds baie bereik ter verwesenliking van sy doelstellings en daar word veral op die volgende gebiede en van die volgende hulpmiddels gebruik gemaak:

a. Propaganda word tydens die jaarkongres, op formasieskole, seminaars en werkskampe gemaak.

b. Deur middel van sensitiwiteitsopleiding word godsdienstige en morele waardes afgetakel met inbegrip van die aanvaarde, tradisionele Suid-Afrikaanse lewenswyse soos geimplementeer deur die staatsbeleid van afsonderlike ontwikkeling.

c. Die skepping van swart bewustheid, dit wil sê swartmag ideologie.

d. Die verkondiging van Swart Teologie, waarby die Christelike godsdiens afgeskryf word as die godsdiens van die witman.

e. Deur middel van publikasies, soos referate, pamflette, koerant en ander artikels.

f. Deur propaganda en fondsinsamelings reise in die buiteland.

g. Deur die teologie in die nuwe ideoom (New Theology on social gospel) te stel in plek van die tradisionele godsdiens.

h. Deur middel van n veldtog vir geletterdheid.

7. Sedert u skrywe van 28 Mei 1969 het U.C.M. se bedrywighede toegeneem en het al hoe militanter in sy optrede geword.

Ter stawing word die volgende dokumente u hierby toegestuur:

i. Die U.C.M. grondwet.

ii. n Volledige memorandum.

iii. A 1970 Theological Point of View, en.

iv. Towards a Black Theology met bespreking en kommentaar deur n bekende teoloog oor laasgenoemde twee stukke.

v. Literacy Project.

vi. The U.C.M. in the South African Context.

viii Freedom means development.

8. Vanweë die U.C.M. se militante en ondermynende bedrywighede word voorgestel dat die belhamels so spoedig

/3........

moontlik ingeperk word, wat moontlik die ander lede van die organisasie tot besinning sal bring.

Indien dit nie die gewenste uitwerking het nie, mag dit op 'n later stadium oorweeg word om 'n feite-komitee in terme van Art. 2(2) van Wet 44 van 1950 te laat aanstel om te oorweeg of die organisasie as sulks tot 'n verbode organisasie verklaar behoort te word al dan nie.

9. Voorlopig word memoranda en Justisie vraelyste ten opsigte van die volgende uitvoerende raadslede deurgestuur vir oorweging van Groep "B" en "C" inperkings:

| | | | |
|---|---|---|---|
| i. | Basil MOORE | : | S.1/4597 |
| ii. | Donald MORTON | : | S.1/8202 |

BEVELVOERDER
n/KOMMISSARIS : SUID-AFRIKAANSE POLISIE.
KDP. J. F. VAN DER MERWE